# NOTULE / BESLUITELYS

## ALGEMENE RAADSVERGADERING

**DATUM:** 19 JUNIE 2018
**TYD:** 09:00
**PLEK:** NWK-OPLEIDINGSLOKAAL, LICHTENBURG

AGRI NW

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **1.** | **OPENING** | | |
| | Ds Grant du Plessis open met Skriflesing en gebed. Boodskap: "Wysheid om die Here te dien. Hy sal Sy hand oor ons hou!" | | |
| **2.** | **VERWELKOMING** | | |
| | Die Voorsitter, mnr Pierre Vercueil, heet almal hartlik welkom, maar in die besonder vir ds Grant du Plessis en en mnr Flippie Cloete van Suidwes. | | |
| **3.** | **ORDEREËLINGS** | | |
| | Mnr Du Toit hou die Ordereëlings aan die vergadering voor. | | |
| **4.**<br>**4.1** | **PERSONALIA EN MOSIES**<br>**LEEDMOSIES** | | |
| | ▪ Mnr Johan Venter van die Finansiële Komitee wat 'n hartomleiding gehad het.<br>▪ Me Lizette Scholtz van Agri Ottosdal wie se pa oorlede is.<br>▪ Mnr Paul du Plessis se kankerbehandeling. Hy sal verdere dokters moet gaan spreek en duur medikasie is aan hom voorgekskryf, maar word nie deur die Mediese Fonds betaal nie.<br>▪ Christo Bosman en sy vrou van Agri Reivilo het 'n plaasaanval deurgemaak. Herstel tans geestelik en fisiek.<br>▪ Kallie van Heerden van Hartbeesfontein het 'n plaasaanval deurgemaak.<br>▪ Hannetjie van den Berg van Agri Stellaland is oorlede. | | |
| **4.2** | **VREUGDEMOSIE** | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Mnr Cobus van Zyl word geluk gewens met sy dogter se Gimnastiekprestasie tydens die S.A. Kampioenskap. | | |
| **4.3** | **VERJAARSDAGWENSE** | | |
| | Gelukwense aan:<br>▪ Me M Fritz, 13 Julie<br>▪ Mnr Boeta du Toit, 23 Julie<br>▪ Mnr Cobus van Zyl, 30 Julie<br>▪ Mnr Gideon van Zyl, 1 September<br>▪ Me W Potgieter, 25 September | | |
| **5.** | **PRESENSIE EN VERSKONINGS** | | |
| | <u>Teenwoordig</u>:<br>Presensielys aangeheg.<br><u>Verskonings:</u><br>Mnre Naude Pienaar — Agri NW<br>Jaco Maré — Agri Hartbeesfontein<br>Jack Rosouw — Agri Klippan<br>Ferdie du Plessis — Agri Lichtenburg<br>Paul Du Plessis — Agri Ottosdal<br>Jannie Keet — Agri Potchefstroom<br>Michael Preece — Agri Soetdoring<br>Gideon van Zyl — Jongboerkomitee<br>Theo Rabe — NWK Beperk<br>Dr Herman van Schalkwyk — Suidwes Landbou<br>Me Tilla Jansen van Vuuren — Agri Wolmaransstad<br>Maryke Grobbelaar — Agri Molopo | | |
| **6.** | **FINALISERING VAN DIE SAKELYS: AANVULLENDE SAKE: PUNT 14** | | |
| | Geen. | | |
| **7.** | **NOTULE / BESLUITELYS EN PRESENSIELYS VAN VORIGE VERGADERING: 2017-10-24** | | |
| | Die Besluitelys / Notule word op voorstel van mnr Sarel Haasbroek en gesekondeer en deur mnr Willem de Chavonnes Vrugt goedgekeur, nadat die volgende regstelling aangebring is:<br>Bls 15, Punt 16.2 – Mohammed Karaan vervang met Prof Mohammed Karaan. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **8.**<br>**8.1** | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE NOTULE / BESLUITELYS**<br>**SAKE VOORTSPRUITEND UIT DE VORIGE NOTULE / BESLUITELYS VIR BESPREKING IN DIE SAKELYS** | | |
| | Die onderskeie punte sal onder die punt wat daarvan van toepassing is bespreek word. | | |
| **9.** | **FINANSIES EN AFFILIASIEGELD** | | |
| | Mnr Cobus van Zyl lig die Raadslede in oor die Finansies:<br>*<u>Uitstaande 2017/18-Affiliasiegelde:</u>*<br>▪ 90% van die 2017/18-Affiliasiegeld is geïn. Affiliasies word bedank vir hul samewerking en oorbetaling van hul affiliasiegelde.<br>▪ Affiliasies met uitstaande 2017/18-Affiliasiegelde (rente ingesluit):<br>  ○ Agri Klippan: R60 033<br>  ○ Agri Marico-Bosveld: R97 492<br>  ○ Agri Molopo (Leniesdeel): R75 131<br>  ○ Agri Schweizer: R104 016<br>  ○ Agri Wolmaransstad: R45 072<br>▪ Affiliasies wat in Juniemaand 'n oorbetaling gemaak het:<br>  ○ Agri Potchefstroom is opbetaal.<br>  ○ Agri Schweizer sal oorbetaling doen van ongeveer R42 000. Wag vir handtekening op tjek.<br>  ○ Agri Wolmaransstad R9 000 in Juniemaand oorbetaal.<br>*<u>Inkomstes:</u>*<br>▪ Netto tekort: R261 000 (7.5%)<br>▪ Gholfdag: R133 000 tekort<br>▪ Affiliasiegeld: R295 000 tekort<br>*<u>Rekonsiliasie van Ledelyste:</u>*<br>▪ Affiliasies word versoek om hul Ledelyste volledig te voltooi. Daar is heelwat Affiliasies se Ledelyste wie se lede se Identiteitsnommers, noemname en kontakbesonderhede ontbreek. Veral die E-posadresse en selfoonnommers se korrektheid is belangrik, aangesien dit deur die Hoofkantoor gebruik word vir kommunikasie met die lede.<br>▪ Die gerekonsilieerde 2018/19-Ledelyste móés voor óf op 31 Mei 2018 aan die Hoofkantoor terugbesorg word. Slegs Agri Koster, Agri Derby, Agri Lichtenburg en Agri Biesiesvlei se gerekonsilieerde 2018/19-Ledelyste is nie ontvang nie. Die vier Affiliasies se lede se affiliasiegelde word per Debietorders gevorder. Die affiliasiegeld kan dus gevorder word, tensy daar 'n probleem is met die vordering daarvan. | Affiliasies | Deurlopend |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Affiliasies se aandag word weer eens daarop gevestig dat die lede nié gedurende 'n finansiële jaar vanaf Ledelyste verwyder kan word en die begroting sodoende omver gegooi word nie. Die oplossing en antwoord bly steeds dat so 'n lid skriftelik sal bedank of in geval van dood of ander onvermydelike omstandighede deur die Bestuur van die Affiliasie, skriftelik gemotiveer sal word. | | |
| | <u>*Agri NW-Studiebeursskema:*</u> | | |
| | Mnr Cobus van Zyl meld dat: | | |
| | ▪ Die Konsep Reglement vir die Agri NW-Studiebeursfonds is opgestel en beskikbaar gestel vir enige insette en terugrapportering. | | |
| | ▪ Die opgelope bedrag op 31 Julie 2018: ..R263 315. | | |
| | ▪ Daar word beoog om die eerste toekenning in 2019 te maak. | | |
| | <u>*Agri SA Grond- & Omgewingsfonds:*</u> | | |
| | ▪ Affiliasies versoek word om volledig rekord te hou van hul lede se oorbetalings. | Affiliasies | Deurlopend |
| | ▪ R500 000 is reeds oorbetaal aan Agri SA. | | |
| | <u>**BESLUITE:**</u> | | |
| | <u>*Affiliasiegeld:*</u> | | |
| (a) | 'n Dringende beroep op Affiliasies gedoen word om hul uitstaande 2017/18-Affiliasiegelde so spoedig moontlik te vorder en oor te betaal. | Affiliasies | Deurlopend |
| (b) | Die stelsel wat die afgelope jare gebruik word, waar Affiliasies verantwoordelik is vir die vordering en eenmalige oorbetaling van hul Affiliasie se affiliasiegelde, is voldoende en daar voortgegaan word om dit te gebruik. | Agri NW | Deurlopend |
| (c) | Mnr Sarel Haasbroek se voorstel om lede se ouderdomskategorieë moontlik ondersoek word, sal aan Dagbestuur voorgelê word vir bespreking. | Dagbestuur | |
| | <u>*Ledewerwing:*</u> | | |
| (d) | Affiliasies word versoek om moeite te doen met ledewerwing. | Affiliasies | Deurlopend |
| (e) | Die waarde wat Lidmaatskap dra moet uitgedra word byvoorbeeld Droogtehulp, Plaasveiligheid, Beleidsbeïnvloeding, ensovoorts. | Affiliasies | Deurlopend |
| | <u>*Rekonsiliasie van Ledelyste deur Affiliasies:*</u> | | |
| (f) | Affiliasies word versoek om die ontbrekende inligting van hul lede soos die lede se Identiteitsnommers, noemname, selfoonnommers en E-posadresse op die rekonsiliasie van die 2018/19-Ledelyste aan te bring. | Affiliasies | Deurlopend |
| | <u>*2018/19-Begroting*</u> | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (g) | Die 2018/19-Begroting word goedgekeur, met die uitsondering van die Werknemerkostebydrae ten opsigte van die Mediese Fonds, op voorstel van mnr Johan Theunissen en goedgekeur deur mnr Sakkie van Zyl. | 2018/19-Begroting goedgekeur | 2018-06-19 |
| (h) | Die goedgekeurde 2018/19-Affiliasiegeldbedrae (BTW ingesluit) is as volg:<br>Platinum-Lidmaatskap: R3322.35<br>Goud-Lidmatskap: R1661.18<br>Silwer- / Erelidmaatskap: R830.59 | | |
| | *<u>Borge</u>* | | |
| (j) | ŉ Groot poging moet aangewend word om Borge te werf vir die onderskeie aksies van Agri NW, sodat dieselfde borge nie deurentyd gebruik word nie. | Agri NW / Affiliasies | Deurlopend |
| | *<u>PWC:</u>* | | |
| (k) | "*Benchmark*-analise": Mnr Adlam is nog besig om vergelykende syfers van ander Provinsiale Unies bymekaar te maak. | J Adlam | So gou moontlik |
| | *<u>Agri NW-Studiebeursfonds:</u>* | | |
| (l) | Die Reglement vir die Agri NW-Studiebeursfonds is tydens die Maart-vergadering beskikbaar gestel vir enige kommentaar en/of voorstelle, sodat dit tydens die Algemene Raadsvergadering op 19 Junie 2018 goedgekeur kan word. Geen voorstelle is terugontvang nie. Die Reglement word deur die Komitee aanvaar en goedgekeur. | Reglement Studiebeursfonds Goedgekeur deur Alg Raad | 2018-06-19 |
| (m) | Daar word beoog om die eerste toekenning in 2019 te maak. | | |
| | *<u>Agri SA Grond- & Omgewingsfonds:</u>* | | |
| (n) | Affiliasies wie nog nie hul fbydraes vir die Agri SA Grond- & Omgewingsfonds oorbetaal het nie, word versoek om so gou moontlik aan Agri Noordwes oor te betaal. | Affiliasies | So spoedig moontlik |
| (o) | Agri NW sal die fondse soos wat dit ontvang word van die Affiliasies oorbetaal aan Agri SA. | Agri SA | Soos fondse ontvang word |
| | *<u>Regshulpfondse:</u>*<br>Die saldo's van die onderskeie Geldmarkfondse is as volg:<br>▪ Absa-Geldmark: R1 598 352,61 (Ramphulpfonds / Landelike Veiligheidsprojek Dispuutdienste / Agri SA Grond- & Omgewingsfonds / Studiebeursfonds)<br>▪ Absa Regshulp R410 272.81<br>▪ FNB Geldmark R510 970.75 | | |
| | *<u>Hersiening van Honorariums:</u>* | | |
| (p) | Die algemene gedagte is om die totale bedrag van die Honorarium met tyd te verminder, maar dit aan meer hardwerkende Komiteevoorsitters toe te ken. Die Finansiële Komitee is besig om te werk aan voorstelle vir goedkeuring in hierdie verband. | C Van Zyl / Fin Komitee | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (q) | Die teikendatum vir goedkeuring is Maart tot Junie 2019. | Fin Komitee | Jun 2019 |
| **10.**<br>**10.1** | **HOOFKANTOORBESTUUR**<br>**AGRI NW-STRATEGIE EN STRUKTUUR IN HEROORWEGING** | | |
| <br>(a)<br>(b)<br>(c)<br>(d)<br>(e)<br><br><br><br>(f) | **<u>BESLUITE:</u>**<br>Streeksvoorsitters gaan nie meer verkies word nie.<br>Spesialiteitskomiteevoorsitters sal betrek word indien hul benodig word.<br>Dagbestuurbevoegdhede bly dieselfde.<br>Dagbestuurslede sal Affiliasies se vergaderings bywoon op versoek.<br>Die voorstel word eenparing goedgekeur.<br><br><br><br>Die Grondwet sal dienooreenkomstig gewysig word en aan die Algemene Raad voorgelê word vir goedkeuring.. | Agri NW Strategie en Struktuur word goedgekeur deur Alg Raad<br>Agri NW Jaarkongres | <br><br><br><br><br><br><br><br><br>14 Sept 2018 |
| **10.2** | **JAARKONGRES** | | |
| | Affiliasies neem kennis van die Jaarkongresinligting:<br>▪ Datum: 14 September 2018 (slegs een dag)<br>▪ Plek: NWK-Opleidingsentrum, Lichtenburg<br>▪ Tema: Vennootskappe vir 'n beter toekoms!<br>▪ Sprekers: Dr John Purchase, *Agbiz*<br>Brien van der Walt, Absa<br>Mnr Francois Fouché, *Trade Advisory*.<br>▪ Informele Funksie: 14 September 2018, Scott's Manor Gastehuis, Breëstraat 21, Lichten-burg. Tyd is 18:30 vir 19:00<br>▪ Oorkondes: Luitenant-Kolonel Fanie Ferreira<br>▪ Brigadier Kiewiet van Zyl<br>▪ Kongreshoofborg: Obaro<br>▪ Informele Funksie Borg: Senwes | | |
| **10.3** | **AGRI NW GHOLFDAG** | | |
| <br>(a)<br><br>(b) | **<u>BESLUITE:</u>**<br>Inskrywings sal deur Marlize Frits by Agri NW hanteer word. Indien die baan nie vol is nie sal *Leopard Park* Gholfklub ook inskrywings doen.<br>Formaat is Better Ball Stableford. | <br>Agri NW | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (c) | Inskrywingsgeld is R300 per speler. | Hoofkantoor | So gou moontlik |
| (d) | Affiliasies word versoek om putjies te borg en te beman.  Affiliasies kan verskaffers kry om die putjie te borg.  Die bedrag is R2 500 per Affiliasie.  Landbouverenigings kan ook borg as hulle wil. | Affiliasies | Deurlopend |
| (e) | Indien ŉ Borg ŉ span inskryf kan twee van die vier lede verniet speel.  Die borgbedrae is R3 000 per putjie of prestige borg R5 000. | Borge | |
| (f) | Affiliasies versoek word om deel te neem aan die Agri NW-Gholfdag en dat Affiliasies hul produsente-spanne so spoedig moontlik inskryf. | Affiliasies / Produsente | Deurlopend |
| (g) | Affiliasies en produsente word versoek om behulpsaam te wees met die verkryging van skenkings van pryse in die vorm van slagskape, jagnaweke, jagpryse soos wildsbokke, ensovoorts. | Affiliasies / Produsente | Deurlopend |
| **10.4** | **BEDANKING MNR ERIC VAN WYK, VOORSITTER: KOMMERSIËLE KOMITEE** | | |
| | **<u>BESLUIT:</u>** | | |
| (a) | Mnr Nicol Muller word verkies om op te tree as Waarnemende Voorsitter van die Kommersiële Komitee tot die verkiesing in Oktober 2019 wanneer die Verkiesing gehou word. | N Muller<br>Wnde Voorsitter<br>Kommersiële Komitee | |
| **11.**<br>**11.1** | **AGRI NW-SPESIALITEITSKOMITEES**<br>**KOMMUNIKASIE EN BEELDBOU** | | |
| | Mnr Willem de Chavonnes Vrugt meld dat kommunikasietegnologie baie verbeter het:<br><u>KENNISNAME</u><br>▪ Kommunikasie is ‘n baie belangrik tussen Agri NW en hul Affiliasies / Lede.<br>▪ Sosiale media is relatief goedkoop om te gebruik byvoorbeeld *Zoom en Facebook*.<br>▪ Verantwoordelike gebruik van sosiale media is uiters belangrik.  ‘n Persoon se sosiale media-profiel kan teen jou gebruik word byvoorbeeld by die aanstelling in ‘n spesifieke pos by ‘n Instansie.<br>*<u>Facebook:</u>*<br>▪ Facebook-bladgebruik neem toe.  700 mense is alreeds gebruikers daarvan.<br><u>*Whatsapp-Broadcast List*:</u><br>▪ Inligting kan met hierdie *Whatsapp-Broadcast List* direk by lede uitgebring word.<br>▪ Lid móét Agri NW Komms se selfoonnommer 066 208 4880 op sy selfoon stoor.<br>▪ Lede kan slegs die boodskap sien, maar geen kommentaar van ander lede nie.<br>▪ Lede sal soms versoek word om dalk terug te rapporteer oor belangrike sake soos reënval-toestande in onderskeie streke.<br>▪ *Junk Whatsapps* kan glad nie op hierdie groep gestuur word nie.<br>▪ Spoed is van kritiese belang en daar moet sterk sein wees. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | *<u>Zoom-App:</u>*<br>▪ Vergaderings word oor Internet gehou op selfoon of rekenaar.<br>▪ Zoom-App is gratis moet op jou foon of rekenaar afgelaai wees en so ook die persoon aan die anderkant met wie jy gaan vergader.<br>▪ Werk uitstekend vir ses tot sewe persone.<br>▪ Beoog om in toekoms meer vergaderings te hou met Zoom-App.<br>**<u>BESLUITE:</u>**<br>**<u>Webblad</u>**: | | |
| (a) | Die Webblad is ten volle aktief en Affiliasies word versoek om noemenswaardige inligting aan Agri NW-Hoofkantoor deur te gee vir plasing op die Web; | Affiliasies | Deurlopend |
| (b) | Produsente word versoek om die Webblad te besoek en om medeprodusente daarvan bewus te maak; | Produsente | Deurlopend |
| (c) | Skakel met Hoofkantoor indien probleme ondervind word om op te webblad aan te teken. Verlangde inligting om aan te teken: Lid se E-posadres en Lidnommer. | Hoofkantoor | Deurlopend |
| (d) | Plasing van inligting op Webblad. Koördineer bywerking en goedkeuring van inhoud met me Wanda Potgieter by telefoonnommer 018*632 3612 / 3624 / 2987 of E-pos na wanda@agrina.co.za.<br>***<u>Broadcast-List</u>:*** | W Potgieter | Deurlopend |
| (e) | ʼn Uitsendingslys laat jou toe om met al jou kontakte gelyk te kommunikeer, maar moet op almal se foon as Agri NW gestoor word op die selfoon van die lid. Ontvangers ontvang sy boodskap dan direk vanaf Agri NW. Ontvangers weet ook nie wie almal die boodskap ontvang het nie en weet nie dat dit gestuur is as deel van ʼn uitsendingslys nie. Wanneer hulle reageer, reageer hulle slegs individueel op jou uitsending. In hierdie sin werk dit soos die *Bcc*-funksie (blinde koolstof-kopie) in ʼn E-pos. | | |
| (f) | Ten einde vir spesifieke kontakte om u uitsaaiboodskap te ontvang, moet hulle jou selfoonnommer in hul adresboeke gestoor hê. Dit stel gebruikers in staat om te beheer van wie hulle uitsendingsboodskappe wil ontvang. Hierdie opsie sal verder ondersoek word. | Lede / Hoofkantoor | So gou moontlik |
| (g) | Affiliasies/Lede word versoek om Agri NW Komms se selfoonnommer 066 208 4880 op hulle selfone te stoor. | Agri NW selnommer 066 208 4880 | Deurlopend |
| (h) | Elke Spesialiteitskomiteevoorsitter sal self besluit oor die stigting van *Whatsapp*-groepe vir deurgee van belangrike inligting per *Whatsapp*. | Spesialiteitvoorsitter | Deurlopend |
| (i) | Dit is van groot belang dat ʼn spesifieke persoon in beheer van *Whatsapp*-groepe moet wees om boodskappe te koördineer/redigeer en toe te sien dat die inhoud toepaslik is vir plasing. Streng reëls moet toegepas word ten opsigte van hierdie groepe om te verseker dat dit effektief aangewend word. Hierdie taak gaan aan die Spesialiteitskomiteevoorsitters oorgelaat word, wat self sal besluit of hy dit gaan gebruik of nie. | Spesialiteitvoorsitter | Deurlopend |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ***Vodacom:*** | | |
| (j) | Indien klagtes telefonies by Vodacom aangemeld is en 'n verwysingsnommer verkry is, moet dit op die Klagte Aanmeldingsvorm aangeteken word. | Klagte Aanmeldingsvorm | Deurlopend |
| (k) | Rapportering van diefstal of beskadiging van torings of enige ander klagtes moet skriftelik op Agri NW se Klantenavraagvorm – Inligtingskommunikasietegnologie deurgestuur word aan Naude Pienaar by 082 776 8283 / naudepienaar@vodamail.co.za of na Hoofkantoor per E-pos na hessie@agrinw.co.za, wat dit dan sal aanstuur aan mnr Christo de Wet van Vodacom. | Lede / Affiliasies / Hoofkantoor | Deurlopend |
| | ***Zoom:*** | | |
| (l) | ▪ Agri NW beoog om in toekoms meer vergaderings te hou met die *Zoom-App*, veral as dit 'n klein gehoor. Dit is ideaal vir vergadering met ses tot sewe persone. | | |
| (m) | ▪ Kostebesparend wees vir Agri NW ten opsigte van reiskoste. | | |
| (n) | ▪ Affiliasies word versoek om beskikbare inligtingskommunikasietegnologie aan lede deur te gee. | Affilkiasies | |
| | ***Twitter:*** | | |
| | ▪ Mnr Willem De Chavonnes Vrugt sal die Twitter-medium met Infoworks bespreek en terugrapporteer by die volgende vergadering in Oktober 2018. | W De Chavonnes Vrugt / Infoworks | ??? Okt |
| **11.2** | **ARBEID- & MAATSKAPLIK** | | |
| | Mnr Cobus van Zyl doen kortliks verslag: | | |
| | **BESLUITE:** | | |
| (a) | Minimum Loon @ R18 per uur vir plaaswerkers gaan op 1 September 2018 in werking tree. | Minimum Loon | 1 Sept 2018 |
| (b) | Lede versoek word om die regte prosedures te volg en al hul Arbeidswetgewingdokumentasie van hul werkers in plek moet wees sodat dit aan die Wetsvereistes voldoen. | Lede | Deurlopend |
| (c) | Administrasie moet ten alle tye op datum wees. Byvoorbeeld: konsulteer met werkers, nodige bewyse / papierwerk volledig voltooi / foto's neem en op rekord plaas. | Lede | Deurlopend |
| (d) | Lede versoek word om van Arbeidskonsultante soos die LWO te gebruik indien hulle onseker is. | Lede / Arbeidskonsultante | Deurlopend |
| (e) | Kontak Hoofkantoor indien enige probleme ondervind word met Arbeidsinspeksies. | Affiliasies / Lede Hoofkantoor | Deurlopend |
| (f) | Lede moet hulself bemagtig met die dokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Webblad onder Spesialiteitskomitee: Arbeid- & Maatskaplike Komitee, | Affiliasies / Webblad | Deurlopend |
| **11.3** | **LANDELIKE VEILIGHEID** | | |
| | ▪ Vergadering neem kennis van die Veiligheidskomiteeverslag wat ingebind is in die Aanhangsels. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Affiliasies neem kennis van die Landelike Veiligheidsdokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Web-blad.<br>▪ NWK het R25 000 beskikbaar gestel vir die opleiding van Veiligheidskoördineerders in die Noordwes Provinsie.<br>▪ Veiligheidsopleiding: Inligting sal aan Affiliasies deurgegee word as dit gefinaliseer is.<br>**BESLUITE:** | | |
| (a) | Lede hulself bemagtig met die dokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Webblad onder Spesialiteitskomitee: Veiligheid | Affiliasies / Lede | Deurlopend |
| (b) | Affiliasies versoek word om te sorg dat die Hoofkantoor oor die korrekte kontakbesonderhede van hul Veiligheidsverteenwoordiger beskik. | Affiliasies/ Hoofkantoor | Deurlopend |
| (c) | Affiliasies versoek word om enige veiligheidsinsident aan mnr Sarel Pretorius en Hoofkantoor deur te gee, sodat daar betyds gereageer en opgetree kan word. | Affiliasies / Lede | Deurlopend |
| (d) | Affiliasies versoek word om me Fritz by Hoofkantoor in kennis te stel indien hul sou belangstel in veiligheidsopleiding. | Affiliasies / Lede Hoofkantoor | |
| **11.4** | **GRONDSAKE- EN LANDBOU-ONTWIKKELING** | | |
| | ▪ Affiliasies neem kennis van die Grondsake- en Landbou-Ontwikkelingskomiteedokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Webblad.<br>▪ Onteiening is tans die belangrikste onderwerp wat landwyd onder bespreking is.<br>▪ Die program van die Publieke Verhore wat in die in die Noordwes Provinsie gehou gaan word is as volg:<br>17 Julie 2018: Taung Stadsaal, bygewoon deur mnr Willem De Chavonnes Vrugt – geen voorleggings deur Agri NW. Agri Greater Taung se lede kan Verhoor daar gaan bywoon.<br>18 Julie 2018: Mahikeng, bygewoon word deur mnre De Chavonnes Vrugt, Du Toit en Affiliasieverteenwoordigers en die NWRPO. Agri NW voorlegging doen.<br>19 Julie 2018: Rustenburg *Civic Centre*, bygewoon word deur mnre Du Toit en Pienaar – geen voorleggings deur Agri NW.<br>▪ Agri SA se Grondberaad in samewerking met die Landbouweekblad word gehou op:<br>Datum: 23 en 24 Augustus 2018<br>Plek: Bela-Bela Wildsveilingskompleks<br>Koste: R1785 per persoon per dag.<br>**BESLUITE:** | | |
| (a) | Affiliasies versoek word om inligting deurlopend deur te gee aan hul lede. | Affiliasies / Lede | Deurlopend |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (b) | Affiliasies wat belang stel om die Openbare Verhoor by Mahikeng by te woon op 18 Julie 2018, moet belangstellende lede se name aan Hoofkantoor deurgee. Mnr Du Toit sal as koördineerder optree. | Affiliasies / P du Toit | |
| (c) | Agri NW se geskrewe kommentaar oor Onteiening is deurgegee. Die keerdatum was 18 Junie 2018 | | |
| (d) | Affiliasies se lede word versoek om by te dra tot die Grond- & Omgewingsfonds van Agri SA, aangesien befondsing uiters nodig is om lede se private eiendomsreg te beskerm. | Affiliasies / Lede | |
| (e) | Alle grondeienaars in Landbouverenigings se gebied genader word om by te dra tot die Fonds. | Affiliasies | |
| (f) | Affiliasies die inligting in verband met Agri SA se Grondberaad in samewerking met die Landbouweekblad te Bela-Bela op 23 en 24 Augustus 2018 aan hul lede deurgee. | Affiliasies / Lede | |
| (g) | Lede hulself bemagtig met die dokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Webblad onder Spesialiteitskomitee: Landbou-Ontwikkeling. | Affiliasies / Webblad | |
| **11.5**<br>**11.5.1** | **KOMMERSIëLE**<br>**VERVOERKOMITEE** | | |
| | Mnre Nicol Muller en Boeta du Toit lewer verslag.<br>▪ Die Departement is volgens Artikel 100 onder administrasie geplaas en kan geen besluite neem nie.<br>▪ Kontrakteurs se kwaliteit werk is swak en die Departement is weer eens versoek om streng te kyk na die gehalte van die werk wat gelewer word.<br>▪ Daar is versoek dat Agri NW-verteenwoordigers saam met die Distriksbestuurders die inspeksies moet uitvoer – kwaliteit van die werk. Die Departement het dit so aanvaar en gesê hulle sal dit so doen. Daar word net beloftes gemaak om die verteenwoordiger saam te neem vir inspeksie, maar word nooit in kennis gestel nie.<br>▪ Distriksverteenwoordigers sal in die toekoms na die vergaderings met die Departement uitgenooi word.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (b) | Affiliasies versoek word om te sorg dat die Hoofkantoor oor die korrekte kontakbesonderhede van hul verteenwoordiger beskik. | Affiliasies/ Hoofkantoor | Deurlopend |
| (c) | Distriksverteenwoordigers sal in die toekoms na die vergaderings met die Departement uitgenooi word. | Distriksverteenwoordigers | Deurlopend |
| (d) | Distriksverteenwoordigers sal die kontrakteurs vergesel vir padinspeksies, alvorens betalings gedoen word; | DPWR / Kontrakteurs | Inspeksies |
| **11.5.2** | **ELEKTRISITEIT: TEENSTAND TEEN ESKOM-LYNHEFFINGS** | | |
| | **<u>KENNISNAME:</u>**<br>▪ Die eerste Dispute is middel Junie 2018 ingedien deur die Dispuutdienste. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Die keerdatum vir Eskom om te reageer is 5 Julie 2018.<br>▪ Dispute word deurlopend, soos wat dit ontvang word, ingedien.<br>▪ Daar is ongeveer 300 reeds ontvang.<br>**BESLUITE:** | Hoofkantoor | |
| (a) | Klagtes kan deur middel van die Klantenavraagvorm aan die Hoofkantoor deurgegee word vir verdere optrede / rapportering aan Eskom. | Affiliasies | Deurlopend |
| (b) | Mnre Boeta du Toit of Naude Pienaar kan geskakel by 082 388 1722 / 082 776 8283 vir enige verdere navrae in verband met Dispuutdienste. | | |
| (c) | Die keerdatum vir die inhandiging van dispute is nog nie vasgestel nie. Sodra die datum vasgestel is sal die datum aan die Affiliasies deurgegee word. | Dispuutdienste / Affiliasies / Lede | As datum vasgestel is |
| **11.6** | **NATUURLIKE HULPBRONNE** | | |
| | Mnr Daan van der Merwe lewer verslag.<br>Watersake:<br>Mnr Van der Merwe het die SAWOA-Kongres bygewoon. Die Kongres was puik . Goeie en deeglike werk word deur hul gelewer.<br>**BESLUITE:** | | |
| (a) | Mnr Daan van der Merwe beveel aan dat Agri NW aansoek moet doen om Lidmaatskap by SAWOA. ‘n Jaarlikse fooi is betaalbaar. | Agri NW | |
| (c) | Die Dispuutdienste gaan ook gebruik word om ’n dispuut te verklaar teen die Departement van Waterwese en Sanitasie vir die buitensporige hoër tariewe op Staatswaterskemas in die Noordwes Provinsie. | Dispuutdienste | |
| (b) | Kontak mnr Daan van der Merwe vir enige verdere navrae by 083 453 9706 of per E-pos by maswela@gmail.com. | Daan vd Merwe 083 453 9706 | |
| (d) | Affiliasies word versoek om die inligting van hul Spesialiteitsverteenwoordiger deur te gee aan Hoofkantoor. | Affiliasies | Deurlopend |
| **11.7** | **JONGBOER** | | |
| | Mnr Louis Wessels rapporteer kortliks as volg:<br>▪ Vier-en-twintig jongboerlede het die Jongboertoer meegemaak. Dit was baie insiggewend en interessant gewees.<br>▪ ‘n Baie geslaagde Jongboerkonferensie is aangebied op 20 April 2018 te Uurpan Safari Lodge, Schweizer-Reneke..<br>Tema: Verandering, Innovasie en Kreatiwiteit sleutels vir sukses in elke Boerdery<br>Hoofborg: Suidwes Landbou | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | Motiveringspreker: Mnr Gavin Sharples.<br>▪ Senwes Jongboer Toekomsfokusdag: 5 September 2018 te Nampo Park, Bothaville | | |
| **12.**<br>**12.1** | **BEDRYFSORGANSASIES**<br>**NOORDWES ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE** | | |
| | Mnr Sakkie van Zyl rapporteer kortliks as volg:<br>▪ NWRPO-Kongres is gehou op 31 Mei 2018 te Klerksdorp by Senwes.<br>▪ Senwes Hinterland was Hoofborg.<br>▪ Mnr Danie De Villiers is verkies as die nuwe Vise-Voorsitter,<br>▪ Die NWRPO-Hoofbestuur se naam het verander na NWRPO Algemene Raad. Die volgende Algemene Raadsvergadering word gehou op 12 Julie 2018.<br>▪ Veediefstalvoorkomingsvergadering is geskeduleer vir 7 Augustus 2018 te Lichtenburg. Dit is baie belangrik dat VIS-Voorsitters teenwoordig moet wees by vergaderings.<br>▪ Die Noordwes Dieregesondheidsforum word gehou op 26 Junie 2018 by NWK-Opleidingsentrum te Lichtenburg gehou. Veeartse en Staatsveeartse woon dit ook by. Lede wat bealngstel om by te woon kan met Wanda skakel by die NWRPO-Hoofkantoor.<br>Sprekers: Dr Vervoor<br>Dr Faffa<br>Dr Majibi<br>▪ Nasionale RPO Kongres word gehou op 11 en 12 September 2018 by die Royal Elephant Hotel te Centurion..<br>▪ Voorkomend optree vir Slenkdalkoors. Die winter is ‘n goeie tyd om die diere te ent.<br>**<u>BESLUIT:</u>** | | |
| (a) | Affiliasies wat ’n behoefte het vir terugvoering deur die NWRPO by hul vergaderings moet dit asseblief skriftelik deurgee aan Hoofkantoor. | Affiliasies | |
| (b) | Affiliasies word versoek om ‘n NWRPO-verteenwoordiger aan te wys en deur te gee. Daar is plek op Agri NW se Reorganisasielys vir die NWRPO-verteenwoordiger. | Affiliasies | |
| (b) | Rapporteer asseblief alle Veediefstalsake. | Affiliasies / Lede | |
| (c) | Tatoeëring / merk van diere is uiters belangrik. Lede word versoek om te sorg dat hul diere ordentlik gemerk is. Tatoeëring in die oor is baie effektief. | Affiliasies / Lede | |
| **12.2** | **GSA** | | |
| | ▪ ‘n Mosie is by die Kongres aanvaar oor Grondonteiening.<br>▪ Invoere en uitvoere van mielies moet bekend gemaak word.<br>▪ Nampo is bygewoon deur ‘n rekord getal van 80 000 mense en 746 uitstallers. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **12.3** | **MPO** | | |
| | Mnr Johan Strydom rapporteer as volg vir KENNISNAME:<br>▪ Die melkprodusente in die Noordwes Provinsie kry baie swaar as gevolg van die swak melkprys. Daar was 800 produsente, maar tans is daar net 114 produsente oor.<br>▪ Die gevolg van melkboere wat uittree veroorsaak dat werkers ook sonder werk is.<br>▪ Twee dae Inligtingsessies op 25 en 26 Julie 2018 word aangebied op mnr Johan Strydom se plaas. Daar is vyf Veeartse wat gaan optree as Sprekers. Kuddebestuur is een van die besprekingspunte | | |
| **13.** | **AGRI SA: VERSLAGDOENING EN TERUGRAPPORTERING** | | |
| | Die Agri SA-aangeleenthede wat van belang is, is onder die onderskeie punte bespreek by die Spesialiteitskomitees. | | |
| **14.** | **AANVULLENDE SAKE** | | |
| | Geen. | | |
| **15.** | **DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING** | | |
| | Die volgende vergadering is geskeduleer vir 23 Oktober 2018 om 09:00 by NWK Opleidingslokaal, Lichtenburg | | |
| **17.** | **BEDANKINGS** | | |
| | Die Voorsitter bedank afgevaardigdes vir hul deelname en waardevolle insette tydens die vergadering. ʼn Veilige terugreis word almal toegewens. | | |
| **18.** | **AFSLUITING EN VERDAGING** | | |
| | Mnr Vercueil sluit die vergadering af met ʼn gebed, waarna dit om 13:25 verdaag. | | |

……………………………………………………… ……………………………………… ………………………………………………………

**VOORSITTER** **DATUM** **SEKRETARIS**